HOËRSKOOL PORTERVILLE

POSBUS 22
PORTERVILLE
6810

TEL: **(022) 931 2174**
FAKS: **(022) 931 3321**
E-MAIL: **sekretaresse@porterhs.co.za**

Gestig 1870

PROSPEKTUS 2019

Ons streef daarna om ‘n vooruitstrewende leerorganisasie met ‘n Christelike karakter te wees wat toekomsgerigte, relevante onderwys bied aan lewensblye, gedissiplineerde kinders deur ‘n doelgerigte en werktevrede onderwyskorps met die hulp van ‘n betrokke gemeenskap.

- Vooruitstrewende leerorganisasie
- Christelike karakter
- Toekomsgerig
- Relevante onderwys
- Lewensblye, gedissiplineerde kinders met visie
- Doelgerigte en werktevrede onderwyskorps
- Betrokke gemeenskap

MNR. WILLEM ENGELBRECHT
SKOOLHOOF

ME. MARIETJIE POTGIETER
ADJUNK-HOOF

1. ***LEUSE VAN DIE SKOOL***

Op die voorpunt.

2. ***VISIE***

Om ‘n inrigting van uitnemendheid te wees waarop ouers, leerders en opvoeders trots kan wees en waar gebalanseerde jongmense ontwikkel word.

3. ***MISSIE***

Ons streef daarna om ‘n vooruitstrewende leerorganisasie met ‘n christelike karakter te wees wat toekomsgerigte, relevante onderwys bied aan lewensblye, gedissiplineerde en betrokke leerders (met visie) deur ‘n doelgerigte en werktevrede onderwyskorps met die hulp van ‘n betrokke gemeenskap.

Ons missie kan as volg saamgevat word:

* ***Vooruitstrewende skool***
* ***Christelike karakter***
* ***Toekomsgerigte en relevante onderwys***
* ***Lewensblye, gedissiplineerde en betrokke leerders***
* ***Doelgerigte en werktevrede onderwyskorps***
* ***Betrokke gemeenskap***

4. ***SKOOLLIED***

Waar ryp geel graan in die winde speel
Bloue lug ons berge streel
speel en werk ons, speel en werk ons
Kinders van die HSP
Werk en streef ons, werk en streef ons
Kinders vrolik vry en bly -
Na ‘n toekoms groot en vry.

5. ***STIGTING***

Die skool is geopen op 17 Januarie 1870.
Die hoeksteen van die huidige gebou is gelê op 25 Januarie 1957

6. ***SKOOLTYE***

Graad 1
1ste, 2de, 3de kwartaal
Maandag – Vrydag 07:30 - 13:15
4de kwartaal soos per kennisgewing

Graad 2 – 12
1ste, 2de, 3de & 4de kwartaal
***Maandag – Vry*dag** 07:30 - 14:00

7. ***SKOOLFONDS***

Skoolfonds vir 2019 is R 12 540 per leerder per jaar soos goedgekeur deur ouers teenwoordig tydens die begrotingsvergadering op 29 Oktober 2018.

R 12 540 per jaar betaalbaar soos volg:

- R1045 per maand vir 12 maande vanaf Januarie 2019 tot Desember 2019.
- R1140 vir 11 maande vanaf Januarie 2019 tot November 2019.
- R1254 vir 10 maande vanaf Januarie 2019 tot November 2019.

Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Die skool se bankbesonderhede vir ALLE betalings is as volg:

Bank	***:***	***ABSA, Porterville***
Takkode	***:***	***334407***
Rekeningnommer	***:***	***2100390046***
Rekeningnaam	***:***	***Hoërskool Porterville***
Tipe Rekening	***:***	***Tjekrekening***

8. ***KOSHUIS***

Losiesgeld vir 2019 beloop R4 400 per kwartaal per leerder. Dit is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen leerder sal tot die koshuis toegelaat word indien sy/haar koshuisfooie nie betaal is nie**.** *'n Deposito van R1500 is vooruitbetaalbaar voor 7 Januarie 2019. Geen toelating indien deposito nie betaal is nie.*
Indien u dit oorweeg om die losiesgeld per aftrekorder deur die bank te betaal, is die besonderhede as volg: ***ABSA Rekeningnommer : 2100142913.***

9. ***HAND- EN SKRYFBOEKE***

Alle handboeke sal aan die leerders verskaf word. 'n Vervangingsfooi van R200 per boek sal betaalbaar wees indien die leerder 'n boek verloor of verniel sodat dit nie weer gebruik kan word nie. Alle boeke moet aan die skool terugbesorg word indien die leerder die skool verlaat. Daar mag van die leerder verwag word om sommige voorgeskrewe taalboeke aan te koop. Nuwe boeke is by ontvangs ten volle betaalbaar. Daar word ook van die leerders verwag om by sekere vakke 'n werkboek aan te skaf soos deur die vakopvoeder met hul gekommunikeer. Alle skryfboeke word aan leerders voorsien.

10. ***VAKKE***

Graad 1 - 9: Verpligte vakke soos voorgeskryf deur die Departement
Graad 10 - 12: Vakkeuse vorms is by mnr Cobus Louw beskikbaar

11. ***BUITEMUURSE AKTIWITEITE***

11. 1 **Ge-affilieerde sportsoorte:**

Somer:	Atletiek
	Tennis (ook professionele afrigting teen vergoeding)
	Krieket
	Swem
Winter:	Rugby
	Netbal
	Gholf
Privaat:	Ruiterkuns en Uithouritte
	Tweekamp
	Karate
	Ballet
	Rolbal

11. 2 **Kultuur- en verenigingslewe:**

Debat & Redenaars
VCSV
KOOR - Laerskool- & Hoërskoolkoor
Opvoedkundige uitstappies
Neem deel aan alle olimpiades, algemene kennis, toneel en buiteskoolse eksamens
Skoolkoerant (Kontak)
Eisteddfod
Kuns (privaat teen vergoeding)
Dramaklub
ATKV

11. 3 **Ander**

Noodhulpopleiding

12. ***HUISHOUDELIKE ReëLS***

12. 1 **Voorkoms van leerders**

Die persoonlike voorkoms en kleredrag van ‘n leerder moet voldoen aan die norme en voorskrifte wat deur die Beheerliggaam bepaal word.

12. 2 **Gedrag en optrede van leerders**

12.2.1 Leerders moet die skool tydens vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. Leerders wat laat kom moet eers by die kantoor aanmeld. ‘n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof, of die skoolhoof se gemagtigde, uit ‘n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In geval van afwesigheid moet ouers die skool telefonies, per brief of per mediese sertifikaat in kennis stel.

12.2.2 Terwyl ‘n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie ’n opvoeder, werker of leerder se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of enigiets wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, in besit hê nie.

12.2.3 Geen leerder mag ‘n ander leerder die reg van onderrig ontneem nie.

12.2.4 Ontwrigting van klasse op enige wyse is ontoelaatbaar.

12.2.5 Onwelvoeglike taalgebruik, oneerlikheid, leuentaal en valse verklarings is ontoelaatbaar.

12.2.6 Rook deur leerders word nie toegelaat nie.

12.2.7 Leerders mag nie dwelmmiddels of alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of materiaal in sy besit hê, gebruik, onder die invloed wees of aan ander gee nie. Hy mag ook nie op die internet ingaan om aanstootlike materiaal te besigtig of uit te druk nie.

12.2.8 Skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom van iemand anders is, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.

12.2.9 Niemand mag by die fietsloods met fietse peuter nie.

12.2.10 Elke leerder is mede-verantwoordelik om kleedkamers, stoepe en die terrein netjies en skoon te hou.

12.2.11 Geen intimidasie, van watter aard ook al, van ander leerders mag plaasvind nie.

12.2.12 Geen vergaderings/samekomste mag sonder die skoolhoof se toestemming op die skoolterrein gereël word nie.

12.2.13 Verspreiding en ontvang van pamflette op die skoolterrein, sonder die skoolhoof se verlof, is verbode.

12.2.14 ‘n Leerder, wat met die skool geassosieer kan word, wat op enige plek of tydstip die skool se naam in diskrediet bring, kan tot verantwoording geroep word.

12.2.15 Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skool se kodes openbaar nie.

12.2.16 Van elke leerder word daar verwag om hom/haar te onderwerp aan die gesag oor hom/haar aangestel.

12.2.17 Die interne ordereëlings van die skool, soos van tyd tot tyd deur die skoolhoof of sy gevolmagtigde bepaal, moet ten alle tye gehoorsaam word.

12.2.18 Die skool het ‘n gedragskode vir leerders waaraan leerders moet voldoen. Oortreding daarvan kan lei tot dissiplinêre optrede. **L.W** Die volle inhoud van die gedragskode is nie noodwendig in die prospektus vervat nie.

13. ***SKOOLDRAG***

13. 1 **Voorsiening**

Skoolklere is te koop by Kaap Agri in Buitengrachtstraat.

13. 2 **Skooldrag vir dogters**

SOMERKWARTALE	WINTERKWARTALE
Voorgeskrewe somerskoolrok Kort wit sokkies Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet Veters moet korrek gestrik wees	Voorgeskrewe somerskoolrok **ÓF** Donkerblou langbroek, langmou wit hemp en skooldas Lang swart kouse Voorgeskrewe kleurbaadjie Donkerblou trui met skoolkleure (*Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie*) Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet Donkerblou moulose oortrektrui (opsioneel) & Gr. 12 Maroen oortrektrui Donkerblou serp (opsioneel)

GRAAD 1 - 7:

Hierdie leerders mag gedurende die winter die voorgeskrewe skoolsweetpak dra saam met ‘n wit hemp, das en skoolskoene. ‘n Donkerblou windjakker (windbreaker) kan op koue dae gedra word. Die sweetpak en windjakker moet toegerits wees. Leerders mag gedurende die somerkwartale kaalvoet skool toe kom.

GRONDSLAGFASE

Die volgende drag word in 2019 infaseer; vanaf 2021 is dit verpligtend.

Skooldrag vir Dogters:

SOMERKWARTALE	WINTERKWARTALE
Gholfhempie, navy skort (romp/ broekie), wit sokkies en wit tekkies	Gholfhempie, navy skort (romp/ broekie, wit sokkies en wit tekkies. Navy skoolsweetpak en/of navy warm windjakker (windbraker) en trui.

13.2.1 VOORKOMS VAN DOGTERS:

Hare

☺ Hare moet netjies wees.
☺ Die kuif mag nie in die oë hang nie; indien wel moet dit vasgesteek word.
☺ Indien die hare vasmaaklengte is, moet dit vasgemaak word.
☺ Wit, swart of donkerblou effekleurige haarlinte, haarbande en bolletjies mag gedra word. Knippies mag donkerblou, wit, silwer of bruin wees.
☺ Indien hare gekartel word, moet dit netjies uitgekam en vasgebind word.
☺ Indien meisies hare “bob” wil dra moet dit so kort wees, dat dit nie vasgebind kan word nie.
☺ ‘n Haarband moet wel saamgedra word.
☺ Afrikavlegsels is toelaatbaar indien alle vlegsels in een poniestert vasgebind word.
☺ Kleur van hare:
- ☞ Hare mag nie op onnatuurlike wyse gekleur word nie.
- ☞ Nuut aangewende kleur mag nie meer as een skakering ligter of donkerder as natuurlilke haarkleur wees nie
- ☞ Indien haarwortels wys dat kleur uitgroei, moet dit weer gekleur word sodat dit netjies vertoon.

☺ Versierings:

☞ Horlosies, “Medic Alert”, en klein oorringetjies (maksimum 1cm in deursnee) of “studs” (goud of silwer) word toegelaat, maar geen ander versierings nie.
Oorringetjies of “studs” moet in onderste gaatjie in oor gedra word.

☺ Geen grimering word toegelaat nie.

☺ Naelringe mag nie sigbaar wees nie. Tydens fisiese aktiwiteite (sport en LO) moet dit uitgehaal word of toegeplak wees.

Naels

As daar na die palm van die hand gekyk word, mag die naels nie verby die vingerpunte groei en/of uitsteek nie. Slegs kleurlose naelversterker mag gebruik word.

Roklengte

Wanneer leerders op knieë staan, mag roksoom nie hoër as 10 cm vanaf die grond wees nie.

Lapelwapens

Slegs wapens wat deur die skool toegeken is, mag gedra word.

13.3 **Skooldrag vir seuns:**

SOMERKWARTALE	WINTERKWARTALE
Grys kort- of langbroek Wit skoolhemp Grys sokkies met skoolkleure Swart skoolskoene met veters Veters moet korrek gestrik wees	Grys langbroek Wit skoolhemp Voorgeskrewe skooldas Voorgeskrewe skoolbaadjie Donkerblou trui met skoolkleure (Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie) Swart skoolskoene met veters Donkerblou moulose oortrektrui (opsioneel) & Gr. 12 Maroen oortrektrui Donkerblou serp (opsioneel)

GRAAD 1 - 7:

Mag gedurende winterkwartale ‘n skoolsweetpak saam met ‘n wit hemp, das en skoolskoene dra. ‘n Donkerblou windjakker (windbreaker) kan op koue dae gedra word Die sweetpak en windjakker moet toegerits wees. Leerders mag gedurende die somerkwartale kaalvoet skool toe kom.

GRONDSLAGFASE:

Die volgende drag word in 2019 infaseer; vanaf 2021 is dit verpligtend.

Skooldrag vir Seuns:

SOMERKWARTALE	WINTERKWARTALE
Gholfhempie, navy kortbroek, wit sokkies en wit tekkies.	Gholfhempie, navy kortbroek, wit sokkies en wit tekkies. Navy skoolsweetpak en/of navy warm windjakker (windbreaker) en trui.

13.3.1 VOORKOMS VAN SEUNS:

Hare

☺ Die hare van die seuns moet voor, 2cm bo die wenkbroue wees.

☺ Die wangbaarde mag tot regoor die oorknopie strek.

☺ Gesighare altyd glad geskeer. Geen snorre of baarde.

- ☺ Hare om die ore mag nie oor die ore gaan as dit reguit af met ‘n kam gekam word nie.
- ☺ Agter in die nek moet dit 2 cm bo die hempskraag wees.
- ☺ Hare moet geleidelik opgesny word en nie ‘n onnatuurlike rand maak nie.
- ☺ Hare mag op geen wyse gekleur word nie.

Naels

Naels van seuns moet skoon en ‘n aanvaarbare lengte wees.

Versierings

Horlosies, “Medic Alert”. Geen ander versierings word toegelaat nie.

Lapelwapens

Slegs wapens wat deur die skool toegeken is, mag gedra word.

13.4 SPORTDRAG:

ATLETIEK	Wit gholfhempie met skoolwapen vir plaaslike atletiekbyeenkomste (Dogters dra maroen netbalhempie) Donkerblou kortbroek of hardloopbroekie Atletiekfrokkie vir leerders wat gekies word om skool te verteenwoordig. Skoolsweetpak
TENNIS	Wit gholfhempie met skoolwapen (Dogters dra maroen netbalhempie) Donkerblou kortbroek vir seuns Netbalrompie vir dogters Skoolsweetpak Eerste spanne het spandrag
KRIEKET	Wit gholfhempie met skoolwapen H/S : Wit langbroek Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie L/S : Donkerblou LO-kortbroek Grys skoolsokkies met skoolkleure Skoolsweetpak
SWEM	Swart/Donkerblou eenstukswembroek - seuns en dogters Swempet (verpligtend vir dogters) Wit gholfhempie/maroen netbalhempie Sweetpak
RUGBY	Voorgeskrewe gestreepte trui – meeste spanne het geborgde truie Donkerblou kortbroek Voorgeskrewe rugbykouse vir H/S 0/19A - geborgde trui Wit kortbroek (net 1ste span) 0/19A dra spandrag voor en na wedstryde
NETBAL	Netbalhempie Donkerblou rompie soos voorgeskryf Wit kort sokkies Alle laerskool en hoërskool spanne dra die skoolsweetpak voor en na wedstryde Eerste span & 0/13A dra voorgeskrewe speeldrag Eerste span dra spandrag voor en na wedstryde + O/13A
GHOLF	Wit gholfhempie met skoolwapen Skoolbaadjie Ligte kleur lang chino (kakiekleur)

Nuwe sportdrag word vanaf 2019 infaseer.